LAERSKOOL
EIKESTAD

Doornboschstraat, Stellenbosch, 7600 | 021 887 4610 | 071 886 6995 | elkestad@eike.co.za | www.eike.co.za

Navrae: M Basson (Finansiële Kantoor)
Omsendbrief: 1/2019
Datum: 23 Oktober 2019

Geagte Ouers

**ONDERWERP: SKOOLGELDBETALING**

Dankie aan alle ouers wat hulle finansiële verpligtinge teenoor die skool getrou nakom.

Ons poog om onderwys en ontwikkelingsgeleenthede van uitstaande gehalte vir die leerders te skep. Die skool word egter finansieel op 'n beperkte mate deur die staat ondersteun en daarom moet ons dit self op 'n finansieel haalbare grondslag bestuur. Dit is dus van kardinale belang dat die totale begrote bedrag vir skoolgeld, wel betaal word. Aangesien die skool nie op 'n winsgewende basis funksioneer nie, maar van jaar tot jaar op 'n kontantvloeibegroting funksioneer, kan ons slegs met die bedrywighede van die skool voortgaan indien alle ouers hulle verantwoordelikheid nakom.

Die finansies van die skool word konserwatief bestuur en is jaarliks aan 'n eksterne ouditproses onderworpe.

Volgens die SA Skolewet 84 van 1996, mag die Beheerliggaam van 'n skool skoolgeld hef en is die betaling daarvan afdwingbaar. Op die jaarlikse begrotingsvergadering van 22 Oktober 2019, waarheen alle ouers uitgenooi is, is daar 'n resolusie aanvaar dat die skoolgeld vir 2020 op R 20 440 per leerder van Graad R tot 7 vir die jaar vasgestel is. Betaling hiervan is onderhewig aan die volgende bepalings en voorwaardes:

1. Beide die vader en moeder en/of waar van toepassing, enige voog, van elke leerling is aanspreeklik, gesamentlik en afsonderlik, vir betaling van skoolgeld.
2. Skoolgeld is vooruitbetaalbaar en mag onder geen omstandighede agterstallig raak nie. Betaling kan eenmalige of in 10 paaiemente aangebied word en kan per debietorder of elektroniese oorplasing geskied.
   - Indien u verkies om die skoolgeld eenmalig te betaal, en die betaling voor of op 28 Februarie 2020 geskied, word 'n vroegbetalingskorting van R1 000 toegestaan en beloop die skoolgeldbedrag vir die jaar dan slegs R19 440.
   - Indien betaling in 10 paaiemente aangebied word, moet betaling stiptelik voor of op die eerste dag van Februarie en elke maand daarna tot November geskied. Indien u dus verkies om die 15de van 'n maand of aan die einde van 'n maand te betaal, moet die eerste betaling reeds in Januarie gemaak word.
   - Indien u verkies om per debietorder te betaal, voltooi asseblief die Debietorderopdrag (Bylae C).
   - **Elektroniese betalings van skoolgeld moet die leerder se rekeningnommer as verwysing hê.** Die nommer verskyn op u rekening, maar u kan ook die finansiële kantoor daarvoor kontak. Die skool se rekeningbesonderhede is soos volg:
     **ABSA Stellenbosch**
     **Takkode: 334410**
     **Rekeningnommer: 410 144 816**
3. Sodra 'n rekening agterstallig word, word die volle uitstaande jaarbalans van skoolgeld, soos op datum van nie-betaling, onmiddellik volledig betaalbaar. Indien betaling nie onmiddellik geskied nie, sal die volle bedrag vir invordering oorhandig word. Sodra oorhandiging plaasvind, word die ouer/voog aanspreeklik vir alle invorderingskostes, insluitende prokureursfooie op die prokureur- en kliëntbasis, plus invorderingskommissie.